LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

30-01-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 4 VIR 2017

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

BELANGRIKE DATUMS:

31 Januarie	Atletiek, tuis teen Van Riebeeckpark
1 Februarie	Swem
2 Februarie	Atletiek, weg teen Vryheidsmonument
3-5 Februarie	Leierskamp
7 Februarie	Graad 1 Oueraand
8 Februarie	Junior Redenaars Swem
9 Februarie	Senior Redenaars
10 Februarie	Koekverkoping - Grondslagfase

1 **ATLETIEK 2017:**

- **DINSDAG, 31 JANUARIE 2017 TEEN L/SKOOL VAN RIEBEECKPARK, TUIS OM 14:30**
  Die skool verdaag Dinsdag gewone tyd.
  Atlete moet 14:15 by Hoër Volkskool se bane aanmeld.
- **DONDERDAG, 2 FEBRUARIE 2017 TEEN L/SKOOL VRYHEIDSMONUMENT, WEG.**
  Byeenkoms begin om 14:30.
  Die skool verdaag Donderdag om 12:45, bus vertrek stiptelik om 13:00. Byeenkoms behoort 18:30 klaar te wees. Bus sal ± 19:15 terug wees by die skool.

KLEREDRAG:
Donderdag trek die atlete, die skool-atletiekhemp met hulle groen skool-atletiekbroekie aan of 'n groen lang kniehoogte "ski-pants" en direk na deelname hulle Volkiebroek bo-oor.

2 **SELFOON ReëLINGS:**

Ons versoek asb die ouers dat leerders geen selfone saambring skooltoe nie. Dit is 'n veiligheidsrisiko en die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige skade of verlies nie. Handig die foon in by die onderwyser, indien dit vir enige geldige rede moet saamkom skooltoe. Ouers word, vriendelik dog dringend versoek om te weet wat op u kind se selfoon aangaan. GEEN SELFOON MAG IN SKOOLTYD GEBRUIK WORD NIE.

3 **KULTUURAAND**:

Datum: 17 Februarie 2017; *Tyd*: 18:30 vir 19:00; *Plek*: Poortjie saal
Drag: ***Semi-Formeel****; *Gaskunstenaars*: Adam Tas; *Koste*: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

4 **RUGBY: OEFENING VIR DIE 0/12 EN 0/13:**

- Slegs Maandagmiddag oefening vir die seuns van 15:30 tot 16:30 a.g.v atletiekbyeenkomste.
- Pa en Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus.
- Blou Bulle VS Cheethas.
- Hou die dag oop asb.

5 **REDENAARS:**

- Ons skoolredenaars vir hierdie jaar is as volg:
  Junior redenaars: 8 Februarie 2017
  Senior redenaars : 9 Februarie 2017
- Temas:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Gogga	Klei	Spieël
Reënboog	Note	Krap
Blink	Blou	Klik

6 **BUITEMUURS**:

Ouers, maak asseblief seker dat die skool se buitemuurse aktiwiteite voorrang geniet wanneer u inskryf vir buite-kurrikulêre programme. Skoolaktiwiteite se oefeninge moet gereeld bygewoon word. Ons probeer aan soveel as moontlik leerders geleentheid vir deelname gee. Dit is onbillik om deelname te verwag as u kind gereeld oefeninge misloop.

7 **AFRIKAANS: GRAAD 6 EN 7**

Die Graad 6 en 7 leerders ontvang die jaar 'n Blits-handleiding vir Afrikaans. Hierdie handleiding word ook in die Hoërskool gebruik tot en met Graad 12. Die koste per eksemplaar beloop R95. Bogenoemde koste word teen u skoolfondsrekening gehef. U kan die geld ook enige tyd in die kantoor inbetaal.

8 **OEFENTYE**:

Oefeninge vir die **Netbal** begin op 6 Februarie 2017, slegs vir 0/10 - 0/13.
Alle oefeninge sal op Maandae, Dinsdae en Donderdae wees.

15:00 - 16:00	0/10	Juf Marinélle en Gerna
16:00 - 17:00	0/11	Juf Monica en Amanda
	0/12	Juf Louda en Nikky
16:00 - 17:15	0/13	Juf Madeleine en Marica
MINI-NETBAL begin oefen op 28 Februarie 2017		
13:00 - 14:00	0/7	Juf Alta en Erna
14:00 - 15:00	0/8	Juf Danéll en Ronel Oosthuizen
14:00 - 15:00	0/6	Juf Tilda en Naurette

15:00 - 16:00	0/9	Juf Deo-Dané, Jireh en Carina Venter

- Netbalkliniek is op 22 en 23 Februarie vir 0/10 - 0/13 @ R250 per speler.
- Netbaltoer vir 0/13 span is vanaf 10-12 April te Roodeplaat.

9 **KARWAGTE**:

Die SAP versoek al ons ouers om asb GEEN GELD VIR DIE KARWAGTE buite die skool te gee nie. Dit vererger die SAP se probleem met hulle.

10 **SKRIFTE**:

Soos in Omsendbrief 2 reeds genoem, gaan die leerders se skrifte huistoe, aan die einde van die maand. U as ouers moet asb die skrifte kontroleer en dan parafeer op die kontrole blad voor in die skrif.

11 **BLOEDSKENK**:

Baie dankie aan elkeen se ondersteuning met die afgelope Saterdag se bloedskenk.

12 **SKAAK**:

Ons begin met skaakoefening op 1 Februarie 2017.
Beginners oefen vanaf 15:00 - 15:45. Almal kom in Juf Ronelle Terblanche se klas bymekaar.
Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen 16:00 - 17:00, ook vir eers na Juf Ronelle Terblanche se klas.
Heidelberg is bevoorreg om 'n skaakklub te hê. Hulle eerste byeenkoms vir die jaar vind plaas op 27 Januarie vanaf 18:00 - 20:00 te Hoër Volkskool. Vir enige navrae skakel vir Mev Marie-Louise Human by 0825764260.

13 **STUDIEMETODE-KLAS:**

Die studiemetode-klasse vind hierdie kwartaal plaas vir Graad 4 leerders. Onthou asb. dat hierdie klasse opvolg en soos 'n kursus is, dus is dit belangrik dat AL 3 klasse bygewoon word.

Woensdag, 1 Februarie	16:00 - 16:50
Woensdag, 8 Februarie	16:00 - 16:50
Woensdag, 15 Februarie	Geen klas a.g.v. ATLETIEK
Woensdag, 22 Februarie	16:00 - 16:50

Benodigdhede: Opsommingsboek; "High-lighters"; gekleurde penne; liniaal; baie goeie gedrag!
Studiemateriaal word verskaf. Studiemetode klas word aangebied deur Juf Helanie Willemse in Juf Sanet Strydom se klas, nr. 24.
LET WEL: Klasse kan nie ingehaal of herhaal word nie, a.g.v. beperkte tyd.

14 **KOOR**:

Koor oudisies vind hierdie jaar vir ALLE koorlede of nuwe lede plaas, dus word alle oud-koorlede ook weer oorgekeur. Slegs gegewe datums is beskikbaar vir oudisies, tensy daar persoonlik gereël word om op 'n ander tyd in te val vir die oudisies by Juf Helanie Willemse. Almal is welkom om te kom vir oudisies maar neem asb. kennis dat slegs leerders wat noot kan hou die oudisies sal slaag en dus kan inkom by die koor;
JUNIOR KOOR keuring:
Maandag, 30 Januarie vanaf 14:00 tot 15:00: Slegs nuwe Graad 1 maatjies
Maandag, 6 Februarie vanaf 14:00 tot 15:00: Graad 2 en 3 maats (ook oud-koorlede).

Leerders wat die oudisies geslaag het sal 'n briefie ontvang voor Maandag, 20 Februarie waar dan die amptelike koor oefentyd sal begin op Maandae om 14:00 - 15:00.
SENIOR KOOR keuring:
Woensdag, 1 Februarie vanaf 14:00 - 15:00: Graad 4 en 5 (ook oud-koorlede)
Woensdag, 8 Februarie vanaf 14:00 - 15:00: Graad 6 en 7 (ook oud-koorlede)
Senior koorlede wat ingekom het sal ook 'n briefie ontvang voor Woensdag, 22 Februarie, vanwaar kooroefening dan amptelik begin, Woensdae, 14:00 - 15:45.

15 **SWEMGALA**:
Leerders wat kwalifiseer om in Laer Volkskool se swemspan te wees vir die Eerste seisoen het reeds hulle briewe ontvang.
Ligadatums is:
1 Februarie; 8 Februarie; 22 Februarie; 1 Maart en 8 Maart is die Interprimêr swemgala.

16 **SENIOR CHEF:**
Elke leerder het bestelvorms ontvang. Sluitingsdatum is 6 Maart. Stuur asb kontant saam met u bestelling. Aflewering is 18 April 2017.
Leerder en klas wat die meeste verkope het, wen 'n prys.

17 **BERGFIETS**:
Almal wat 'n fiets het en graag hulle vaardigheid wil verbeter of sommer 'n geleentheid soek om meer van die opwindende sport van bergfiets wil leer, kom oefen saam van 27 Feb af. Oefening sal plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hoek van 3de laan en Unie straat) Maandae tussen 15:00-16:00. Vir meer inligting kontak Wikus Boshoff by 082 7800 117. Onthou asb jou helmet!

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF